 \text{FV} &= 4\,178 \\
 i &= ? \\
 &= 12\%
 \end{aligned}$$

Antwoord: B

$$\begin{aligned}
 \text{(d)} \quad \text{FV} &= -\text{R40 000} \\
 \text{PMT} &= 0 \\
 i &= 4\% (16\%/4) \\
 n &= 12 (3 \times 4) \\
 \text{PV} &= ? \\
 &= \text{R24 983,88}
 \end{aligned}$$

Antwoord: C

$$\begin{aligned}
 \text{(e)} \quad n &= 3 \\
 i &= 10\% \\
 \text{PV} &= 0 \\
 \text{PMT} &= -1\,000 \\
 \text{FV} &= ? \\
 &= \text{R3 310}
 \end{aligned}$$

Antwoord: B

OPLOSSING 27 (vervolg)

(f) Toekomstige waarde

$$\begin{aligned}n &= 18 \\i &= 10\% \\PV &= 0 \\PMT &= -1\,200 \\FV &= ? \\&= R54\,719,01\end{aligned}$$

Antwoord: B

$$\begin{aligned}(g) \quad n &= 4 \text{ (1 X 4)} \\i &= 4\% \text{ (16\%/4)} \\PV &= -100 \\PMT &= 0 \\FV &= ? \\&= 116,99 \\ \therefore &= 116,99 - 100 \\&= 16,99\%\end{aligned}$$

Antwoord: D

NASIENSKEMA		Punte
27 (a)	Huidige waarde	3
27 (b)	Effektiewe rentekoers	4
27 (c)	Rentekoers	3
27 (d)	Huidige waarde	4
27 (e)	Toekomstige waarde	3
27 (f)	Toekomstige waarde	3
27 (g)	Effektiewe rentekoers	5
Totaal		25

BYLAE D: HURE RAAMWERK EN VOORBEELDE**HURE (Slegs huurders)**

Geagte studente,

Dit het onder ons aandag gekom dat daar nog steeds baie verwarring is rakende hure. Die hoof probleme wat geïdentifiseer is, is die volgende:

1. Die studente kan nie onderskei tussen die 2 verskillende tipes hure nie, naamlik
 - Bedryfshuur
 - En*
 - Bruikhuur.
2. Die studente ken nie hul teorie nie en raak deurmekaar met die rekeningkundige hantering van die 2 verskillende tipes hure.

Ons gaan probeer om dit makliker maak met hierdie voorstelling, maar verwys asseblief ook na u studie gids en handboek vir verdere voorbeelde aangesien hierdie slegs 'n basiese raamwerk is om u te help.

HURE**Bruikhuur****Bedryfshuur****Definisie:**

Al die risiko's en vergoeding verbonde aan die eiendomsreg van 'n bate word van die verhuurder **na die huurder oorgedra**.

Definisie:

Al die risiko's en vergoeding verbonde aan die eiendomsreg van 'n bate **bly by die verhuurder**.

Rekeningkundige hantering:

- **Erken bate en huurverpligting (las) teen die laagste van billike waarde of die huidige waarde van die minimum huur betalings**

Joernaalinskrywings:

Dt	Bate
Kt	Bruikhuur las/verpligting

Rekeningkundige hantering:

- **GEEN** bate of las word **erken nie**

Joernaalinskrywing:

GEEN

Rekeningkundige hantering *vervolg...*

- **Waardevermindering** moet voorsien word oor die nuttige lewensduur van die bate of oor die huurtermyn indien korter as die nuttige lewensduur indien daar onsekerheid is of die eiendomsreg oorgedra gaan word aan die einde van die huurtermyn.

Joernaal inskrywing:

Dt Waardevermindering

Kt Opgelope waardevermindering

- **Maandelikse betaling** van huurpaalement: Betalings word toegedeel tussen finansieringskoste en kapitaal. Die verdeling tussen finansieringskoste en kapitaal word met behulp van 'n finansiële sakrekenaar en amortisasietabel bereken (Sien studiegids en handboek vir die gebruik van 'n sakrekenaar). Finansieringskoste word as uitgawe erken in die wins of verlies staat en die kapitaal gedeelte is 'n vermindering van die bruikhuur las/verpligting.

Joernaalinskrywing:

Dt Bruikhuur las/verpligting

Dt Finansieringskoste

Kt Bank

Rekeningkundige hantering vervolg...

- **GEEN waardevermindering** word erken nie aangesien daar geen bate in die die boeke van die huurder erken word vir 'n bedryfshuur nie.

Joernaalinskrywing:

GEEN

- **Maandelikse betaling** van huurpaalement: Huuruitgawe moet erken word in die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste op 'n reguitlyn basis oor die huur termyn. **Let op** dat die **verskil tussen die kontantvloei** (bank betaling) en **uitgawe** in die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste tot 'n **opgelope- of vooruitbetaalde uitgawe** lei wat in die **staat van finansiële posisie** geopenbaar moet word (sien voorbeeld 6 bl 149 in studiegids).

Joernaalinskrywing:

Dt Huuruitgawe (W/L)

Dt/Kt Vooruitbetaalde uitgawe (SFP)/
 Opgelope uitgawe (SFP)

Kt Bank

Openbaarmaking in die finansiële state van die huurder:

- **Staat van finansiële posisie:**
 - Bate: Nie-bedryfsbates
 - Bruikhuur las: Nie-bedryfslaste
 - Huidige gedeelte van bruikhuur las - bedryfslaste
 - Notas – Eiendom, aanleg en toerusting, langtermyn lenings

Verwys asseblief na u studiegids, studiebrief en handboek vir gedetailleerde voorbeelde.
- **Staat van wins en verlies en ander omvattende inkomste:**
 - Finansieringskoste
 - Notas

Openbaarmaking in die finansiële state van die huurder:

- **Staat van finansiële posisie:**
 - Bedryfsbates/laste: Opgelope- of vooruitbetaalde uitgawe (Indien van toepassing)
- **Staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste:**
 - Bedryfshuur uitgawe
 - Notas tot die finansiële state

LET OP:

Gebruik hierdie as 'n riglyn. Werk deur die studiematerial en handboek en voeg detail by tot hierdie basiese raamwerk. Doen die vrae in die studiebriefe en verwys terug na hierdie raamwerk.

VOORBEELD 1 - *Bruikhuur:*

Apple Bpk sluit op 1 Januarie 20.0 'n huurooreenkoms met BlackCherry Bpk. Die huurooreenkoms word as 'n bruikhuur geklassifiseer. Apple Bpk se jaareinde is 31 Desember. Die huurooreenkoms bevat die volgende bepalinge:

Termyn: 5 jaar

Paaielemente: R 25 000, jaarliks agterna betaalbaar op 31 Desember.

Rentekoers: 12.0535% per jaar

Die kontrak bepaal dat Apple die keuse het om die eienaarskap van die bate aan die einde van die termyn teen 'n nominale bedrag te verkry. Dit is egter onseker by aanvanklike erkenning of hierdie keuse uitgeoefen sal word. Indien Apple Bpk nie die paaielemente betaal soos ooreengekom nie, kan BlackCherry Bpk die bate terugneem. Die bate het met die aanvang van die huur 'n kontantverkoopprys van R105 000 gehad. Op hierdie datum word die nutsduur as vyf jaar beraam.

Gevra:

Verantwoord die bruikhuur in die finansiële state van Apple Bpk.

OPLOSSING:

1. Die huur is as 'n bruikhuur geklassifiseer
2. Die bate moet in die finansiële rekords van Apple erken word en ook 'n bruikhuurverpligting in die staat van finansiële posisie.
3. Waardevermindering moet op die bate afgeskryf word.
4. Die maandelikse betaling van die huurpaaielement moet opgedeel word tussen 'n kapitaal- en finansieringskoste gedeelte (Die gebruik van 'n finansiële sakrekenaar is hiervoor nodig). Die finansieringskoste word as uitgawe erken in die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste en die kapitaal gedeelte word as 'n vermindering van die bruikhuurverpligting teboekgestel.

BEREKENINGE:

Aanvanklike erkenning op 1 Januarie 20.0:

	Dt	Kt
Masjien (SFP)	90 000	
Bruikhuurverpligting (SFP)		90 000

Die bate en verpligting moet by aanvanklike erkenning teen die billike waarde van die bate, of teen die huidige waarde van die minimum huurbetalings, indien dit laer is as die billike waarde, erken word.

Berekening van die huidige waarde (PV):

$PMT = 25\,000$, $n = 5$, $i = 12.0535\%$, $FV = 0$

$PV = 90\,000$ (afgerond)

Billike waarde = R 105 000

Die bate en verpligting word dus by aanvanklike erkenning teen R 90 000 erken.

Waardevermindering moet jaarliks op die bate afgeskryf word:

Bate is erken teen R 90 000. Die verwagte lewens duur is 5 jaar.

Dus $90\,000 / 5 = R\,18\,000$ per jaar.

	Dt R	Kt R
Waardevermindering (W of V)	18 000	
Opgelepe waardevermindering (SFP)		18 000

Rekeningkundige hantering wanneer die eerste paalement op 31 Desember 20.0 betaal word:

	Dt R	Kt R
Bruikhuurverpligting (SFP)	14 152	
Finansieringskoste (W of V)	10 848	
Bank (SFP)		25 000

Die **verdeling tussen die kapitaal en rente** gedeelte moet met die hulp van 'n finansiële sakrekenaar bereken word en 'n **amortisasietabel** moet opgestel word. Na berekening sal dit soos volg lyk. (Verwys na handboek bl 280 vir illustrasie vir die gebruik van 'n sakrekenaar):

Jaar	Paalement	Rente	Kapitaal	Saldo
	R	R	R	R
				R 90,000
1	25000	R -10,848	R 14,152	R 75,848
2	25000	R -9,142	R 15,858	R 59,991
3	25000	R -7,231	R 17,769	R 42,221
4	25000	R -5,089	R 19,911	R 22,311
5	25000	R -2,689	R 22,311	R -0

Rekeningkundige hantering wanneer tweede paalement op **31 Desember 20.1** betaal word:

	Dt R	Kt R
Bruikhuurverpligting (SFP)	15 858	
Finansieringskoste (W of V)	9 142	
Bank (SFP)		25 000

OPENBAARMAKING:**STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE SOOS OP 31 DESEMBER 20.0**
BATES**R****Nie-bedryfsbates**

Eiendom, aanleg en toerusting (90 000 – 18 000)

72 000

Bedryfsbates**EKWITEIT EN LASTE**
EKWITEIT**Nie-bedryfslaste**

Bruikhuur verpligting (90 000 – 14 152 – 15 858)

59 990

BedryfslasteKorttermyn gedeelte van bruikhuur verpligting (*Gedeelte betaalbaar in die volgende 12 maande*)

15 858

STAAT VAN WINS OF VERLIES EN ANDER OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE
JAAR GEEINDIG 31 DESEMBER 20.0**R**

Verkope

xxxxx

Koste van verkope

(xxxxx)

Bruto wins

xxxxx

Uitgawes

Ander uitgawes

xxxxx

Finansieringskoste

10 848

Notas tot die finansiële state:**2. Wins voor belasting****Die volgende is by die berekening van wins voor belasting in ag geneem:****R**

Waardevermindering

18 000

3. Eiendom, aanleg en toerusting

	R
Drabedrag begin van die jaar	-
Kosprys	-
Opgelope waardevermindering	-
Bewegings:	
Toevoegings	90 000
Waardevermindering	(18 000)
Drabedrag einde van die jaar	72 000
Kosprys	90 000
Opgelope waardevermindering	(1800)

4 Langtermyn lening

	R
Totale verpligting onder bruikhuur ooreenkoms	75 848
Korttermyn gedeelte betaalbaar binne die volgende 12 maande	(15 858)
Langtermyn gedeelte van bruikhuur verpligting	59 990

Die masjien dien as sekuriteit vir bogenoemde verpligting. Die lening dra rente teen 12.0535% per jaar en is terugbetaalbaar in 5 jaarlikse paaieimente van R 25 000 beginnende op 31 Desember 20.0. Die periode van die huur is 5 jaar.

Rekonsiliasie van die toekomstige minimum huur betalings op 31 Desember 20.0 en hul huidige waarde:

	Tot en met 1 jaar R	1 tot 5 jaar R	Total R
Bedrag op staat van finansiële posisie datum	25 000	75 000	100 000
Finansierings koste	(9 142)	(15 009)	(24 151)
Huidige waarde	15 858	59 990	75 848

VOORBEELD 2 - *Bedryfshuur:*

Die volgende inligting het betrekking op 'n masjien wat deur Apple Bpk vanaf BlackCherry Bpk, ingevolge 'n bedryfshuur ooreenkoms gehuur word. Die kontantprys van die masjien is R70 000. Die huurtermyn is vanaf 1 Januarie 20.6 tot 31 Desember 20.8. Die maandelikse huurpaalement is R2 500 per maand vir die eerste 24 maande en R250 per maand daarna.

Gevra:

Verantwoord die bedryfshuur rekeningkundig in die finansiële state van Apple Bpk.

OPLOSSING:

Verwys na raamwerk vir leiding.

Die huur is geklasifiseer as 'n bedryfshuur.

1. Die masjien word **NIE** as 'n **bate** erken in die rekords van Apple beperk nie aangesien dit 'n bedryfshuur is. Daar word ook **geen bedryfshuur verpligting erken nie**.
2. **GEEN waardevermindering** word op die masjien afgeskryf nie aangesien daar geen bate erken is nie
3. **SLEGS** die uitgawe moet erken word in die staat van **wins of verlies en ander omvattende inkomste**. Let wel dat die uitgawe op 'n reguitlyn basis erken moet word. Dit beteken dus dat indien die paalemente van jaar tot jaar verskil, dit **geegaliseer** moet word. Die verskil tussen die kontantvloei en die uitgawe in die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste sal 'n **opgelope- of vooruitbetaalde uitgawe tot gevolg** he wat in die **staat van finansiële posisie** geopenbaar moet word.

Berekeninge:

Egaliseer huurpaalemente:

	R
Huurpaalemente eerste 24 maande ($R2\ 500 \times 24$) =	60 000
Huurpaalemente volgende 12 maande ($R250 \times 12$) =	3 000
Totale huur betaal	<u>63 000</u>
$R63\ 000 / 36$ maande = R1 750 per maand	

Jaarlikse vooruitbetaalde bedrag 1 Januarie 20.6 tot 31 Desember 20.7:

Vir 12 maande ($R1\ 750 \times 12$)	21 000
Werklik betaal ($R2\ 500 \times 12$)	30 000
Vooruitbetaalde uitgawe per jaar	<u>9 000</u>

Tekort 1 Januarie 20.8 tot 31 Desember 20.8:

Vir 12 maande ($R1\ 750 \times 12$)	21 000
Werklik betaal ($R250 \times 12$)	3 000
Tekort	18 000

JOERNALE:**Jaar geëindig 31 Desember 20.6**

	Dt R	Kt R
Bedryfshuur uitgawe (W of V)	21 000	
Vooruitbetaalde uitgawe (SFP)	9 000	
Bank (SFP)		30 000

Jaar geëindig 31 Desember 20.7

Bedryfshuur uitgawe (W of V)	21 000	
Vooruitbetaalde uitgawe (SFP)	9 000	
Bank (SFP)		30 000

Jaar geëindig 31 Desember 20.8

Bedryfshuur uitgawe (W of V)	21 000	
Bank (SFP)		3 000
Vooruitbetaalde uitgawe (SFP)		18 000

OPENBAARMAKING:**STAAT VAN WINS OF VERLIES EN ANDER OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE
JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 20.6**

	R
Verkope	xxxxx
Koste van verkope	(xxxxx)
Bruto wins	xxxxx
Uitgawes	
Ander uitgawes (Bedryfshuur uitgawe word hier ingesluit)	21 000

Aantekeninge tot die finansiële state:

Wins voor belasting

1. Wins voor belasting word getoon nadat die volgende items in berekening gebring is:

	R
Bedryfshuur uitgawe op masjienerie	21 000
Betaal vir die jaar	30 000
Vooruitbetaal	(9 000)

2. Bedryfshuurverpligting

Die totaal van die toekomstige huurbetalings dek die volgende tydperke:

	R
Nie later as 1 jaar nie (2500 x 12)	30 000
Later as 1 jaar maar nie later as 5 jaar nie (250 x 12)	3 000
Later as 5 jaar	-

Let op dat die werklike kontant bedrae betaal en nie die geegaliseerde bedrae nie, word in die aantekening 2 gebruik.

STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE SOOS OP 31 DESEMBER 20.6

	R
BATES	
Nie-bedryfsbates	
Eiendom, aanleg en toerusting	xxxxxx
Bedryfsbates	
Vooruitbetaalde uitgawe	9 000

BYLAE E: MEI 2012 EKSAMENS VRAESTEL & OPLOSSING

Hierdie vraestel bestaan uit NEGE (9) bladsye

N.B.:

1. Hierdie vraestel bestaan uit **VIER** (4) vrae.
2. Alle vrae moet beantwoord word.
3. Basiese berekeninge moet, waar toepaslik, getoon word.
4. Maak seker dat u die regte eksamenantwoordboek (blou vir rekeningkunde) van die opsiener ontvang.
5. Elke vraag wat gedoen word, moet op 'n volgende skoon bladsy begin word.

6. **VOORGESTELDE TYDTAFEL:**

Vraag Nr	Onderwerp	Punte	Tyd in minute
1	Hure	16	19
2	Staat van finansiële posisie en relevante notas	34	41
3	Staat van omvattende inkomste en wins voor belasting nota	33	40
4	Staat van verandering in ekwiteit	17	20
		100	120

VRAAG 1 (16 punte) (19 minute)

Die volgende inligting is beskikbaar ten opsigte van 'n masjien wat deur Webb Bpk aangekoop is van Ellis Bpk in terme van 'n bedryfshuur:

Die kontantprys van die masjien was R90 000.

Die huurtermyn is van 1 Maart 2009 tot 28 Februarie 2012.

Die maandelikse huur betaling is R3 000 per maand vir die eerste 12 maande waarna dit sal verhoog met 15% vir die volgende 12 maande en daarna verlaag na R1 200 per maand vir die oorblywende tydperk.

Die verskaffer het gewaarborg dat die masjien 1 000 000 produkte per jaar sal produseer vir die duur van die huurtermyn.

Die huurooreenkoms stipuleer dat die maatskappy nie enige ander huurooreenkomste mag aangaan sonder die toestemming van die verhuurder nie.

GEVRA:

Toon **al** die joernaal inskrywings **per jaar vir die volle tydperk** van die huur van Webb Bpk vir die jare geëindig 28 Februarie. Toon datums en alle berekeninge. Ignoreer inkomstebelasting implikasies en joernaal omskrywings.

VRAAG 2 (34 punte) (41 minute)

Die volgende inligting was verkry uit die boeke van Jameson (Edms) Bpk op 28 Februarie 2010:

	R
Aandelekapitaal.....	200 000
Behoue verdienste – 01/03/2009.....	500 000
Grond teen kosprys	800 000
Fabrieksgebou teen kosprys (<i>nota 4</i>)	1 500 000
Opgelope waardevermindering:	
– Fabrieksgebou (28/02/2010) (<i>nota 4</i>).....	200 000
Meubels en toebehore teen drabedrag (28/02/2010) (<i>nota 5</i>).....	225 000
Beleggings teen kosprys (<i>nota 7</i>)	13 000
Voorraad teen kosprys (<i>nota 6</i>)	150 000
Handels- en ander debiteure	557 000
Voorsiening vir kredietverliese	35 500
Bankoortrekking	270 000

Addisionele inligting:

Die finansiële direkteur het ook die volgende inligting verskaf:

1. Wins na belasting vir die jaar was R2 033 909. Hierdie is nadat alle nodige aanpassings teboekgestel is.
2. Die kantoor geboue word gehuur deur Jameson (Edms) Bpk in terme van 'n bedryfshuur:

Die huurtermyn is 6 jaar. Die huurpaaielemente is R11 500 per maand vir die eerste 2 jaar en R12 700 per maand vir die oorblywende tydperk. Die huur het op 1 Maart 2009 in aanvang geneem.

3. Jameson (Edms) Bpk het 'n huurooreenkoms aangegaan met Daniels (Edms) Bpk op 1 Maart 2009 vir 'n nuwe masjien. Die huur was geklasifiseer as 'n bruikhuur. Die rentekoers was 12% per jaar. Die masjien het 'n kontant verkoopprys van R105 000 aan die begin van die huurooreenkoms gehad. Huurpaaielemente is halfjaarliks agteruit betaalbaar oor 'n tydperk van 3 jaar. Die maatskappy maak voorsiening vir waardevermindering volgens die reguitlyn metode oor die nuttige lewensduur van die bate, wat geag word 5 jaar te wees.

Die volgende amortisasie skedule is deur die finansiële bestuurder bereken:

Datum	Betaling	Rente	Kapitaal	Uitstaande balans
	R	R	R	R
01/03/2009				105 000
31/08/2009	- 21 353	- 6 300	- 15 053	89 947
28/02/2010	- 21 353	- 5 397	- 15 956	73 991
31/08/2010	- 21 353	- 4 439	- 16 914	57 077
28/02/2011	- 21 353	- 3 425	- 17 928	39 149
31/08/2011	- 21 353	- 2 349	- 19 004	20 144
28/02/2012	- 21 353	- 1 209	- 20 144	0

4. Die fabriek van Jameson (Edms) Bpk is geleë op erf 235, Midrand en is eienaargeokupeerd. Die fabrieksgebou was geherwaardeer deur 'n geswore waardeerder, Mnr J Wrong, op 28 Februarie 2010 teen 'n netto vervangingswaarde van R1 430 000 (uitgesluit die grond). Die fabriek word gedepresieër op die reguitlyn metode oor 'n tydperk van 15 jaar. Die fabriek was presies 2 jaar oud aan die einde van die jaar.
5. Al die meubels en toebehore was aangekoop op 1 Maart 2008. Die maatskappy maak voorsiening vir waardevermindering op meubels en toebehore teen 25% per jaar volgens die verminderde saldo metode. Geen verkope van meubels en toebehore het plaasgevind sedert datum van aankope nie.
6. Sluitingsvoorraad op hande vir die jaar geëindig 28 Februarie 2010 het uit die volgende bestaan:

	R
Roumateriaal teen kosprys	100 000
Werk-in-proses teen kosprys	30 000
Sluitingsvoorraad	20 000
	<u>150 000</u>

Weens die huidige ekonomiese omstandighede was die netto realiseerbare waarde van die roumateriaal en die sluitingsvoorraad 5% laer as die kosprys daarvan, terwyl die netto realiseerbare waarde van werk in proses die kosprys met R7 000 oorskry.

7. Beleggings bestaan uit die volgende:

6 000 Gewone aandele van R2,00 elk in J&B (Edms) Bpk aangekoop vir R12 000. Transaksiekoste het R1 000 beloop. J&B (Edms) Bpk het 60 000 gewone aandele uitgereik gedurende die jaar. 'n Toename in billike waarde aansuiwering van R5 000 moet nog aan die einde van die finansiële jaar teboekgestel word. Hierdie aandele is geklasifiseer as 'n belegging nie-gehou-vir-verhandeling.

8. Die maatskappy het 'n dividend van 5c per aandeel verklaar op 28 Februarie 2010. Hierdie dividende was op 31 Maart 2010 betaal. Die totale uitgereikte aandelekapitaal van Jameson (Edms) Bpk op jaareinde het bestaan uit 18 000 gewone aandele. Die gemagtigde aandelekapitaal van Jameson (Edms) Bpk bestaan uit 30 000 gewone aandele.

GEVRA:

Berei die Staat van Finansiële Posisie **en slegs** die volgende notas van Jameson (Edms) Beperk voor op 28 Februarie 2010:

- Eiendom, aanleg en toerusting (EAT)
- Bruikhuurverpligting

Ignoreer vergelykende syfers en die rekeninkundige beleid nota. Toon alle berekeninge. Die Staat van Finansiële Posisie moet voldoen aan die vereistes van die Maatskappywet en Algemeen Aanvaarde Rekeninkundige Praktyk.

VRAAG 3 (33 punte) (40 minute)

Die volgende inligting was verkry uit die boeke van Polo Beperk, 'n genoteerde maatskappy, vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2010:

	R
Lening aan Prada Bpk (<i>nota 9</i>).....	165 000
Beleggings teen kosprys (<i>nota 8</i>).....	202 000
11% Langtermynlening van Levi Bpk (<i>nota 2</i>).....	90 000
Grond teen kosprys.....	100 000
Geboue teen kosprys.....	1 654 000
Aanleg en masjinerie teen drabedrag (01/07/2009).....	1 457 500
Meubels en toerusting teen drabedrag (01/07/2009).....	310 000
Opgelope waardevermindering:	
- Aanleg en masjinerie (01/07/2009).....	1 192 500
- Meubels en toerusting (01/07/2009).....	110 000
Inkomste/Verkope (Ingesluit BTW @ 14%).....	3 306 000
Ander inkomste (<i>nota 3</i>).....	41 575
Administratiewe uitgawes (<i>nota 4 + 5</i>).....	772 600
Ander uitgawes (<i>nota 6</i>).....	68 700
Inkomstebelasting uitgawe (<i>neem aan korrek</i>).....	4 800

Addisionele inligting:

1. Polo Beperk handhaaf 'n jaarlikse bruto winspersentasie van 35%.
2. Die 11% langtermynlening van Levi Beperk het op 1 Julie 2005 ontstaan. Die kapitaal is terugbetaalbaar in 8 gelyke paaielemente beginnende op 30 November 2007. Rente op die lening is halfjaarliks betaalbaar op 30 November en 30 Junie elke jaar.
3. Die volgende is, onder andere, reeds ingesluit in “**ander inkomste**”:

Rente ontvang:	R
Prada Beperk	?
Bankrekening	6 500
Handels- en ander debiteure	1 750

Dividende ontvang:	R
Armani Beperk	4 700
Guess Beperk (<i>verwys nota 8</i>)	?
Guess Beperk het 'n dividend verklaar en betaal van 10c per aandeel gedurende die jaar.	

4. “Administratiewe uitgawes” bestaan uit die volgende:

	R
Salarisse en lone	750 000
Skryfbehoeftes	1 100
Telefoon	2 700
Ouditeursvergoeding – Reis koste	3 100
Ouditeursvergoeding – Oudit fooie	11 500
Water en elektrisiteit	4 200

5. Sleutel personeel van Polo Beperk en sy filiaal is as volg:

	Polo Bpk	Filiaal
Voorsitter van die raad.....	Mnr C	Mnr A
Bemarkingsbestuurder.....	Mnr B	-
Uitvoerende direkteur	Mnr A	Mnr C
Finansiële direkteur	-	Mnr B

Salarisse en lone van Polo Beperk sluit die volgende vergoeding in wat aan senior sleutelpersoneel betaal is:

	R
5.1 Mnr A	300 000
Mnr B	250 000
Mnr C	200 000
Elk van die direkteure het ook 'n totale vergoeding van R3 200 ontvang vir vergaderings bygewoon gedurende die jaar.	

5.2 Die volgende direkteursvergoeding was betaal deur die filiaal van Polo Beperk:

	R
Mnr A	230 000
Mnr B	200 000
Mnr C	180 000

5.3 'n Pensioen van R75 000 was betaal aan Mev H. (Sy is die weduwee van 'n vorige uitvoerende direkteur van Polo Beperk.)

6. Die volgende is reeds ingesluit by “ander uitgawes”:

	R
Rente betaal – Langtermynlening (<i>nota 2</i>)	?
Diverse uitgawes	1 900
Kredietverliese afgeskryf	3 100
Rente betaal – bankoortrekking	4 200

7. Die volgende waardevermindering moet nog teboekgestel word:

7.1 Al die masjinerie was aangekoop op 31 Maart 2008 vir R2 500 000. Installasie koste het R150 000 beloop. Die maatskappy maak voorsiening vir waardevermindering op masjinerie teen 20% per jaar op die reguitlyn metode. Gedurende die huidige finansiële jaar was al die masjinerie onttrek van die produksie proses vir 'n periode van 9 maande en is gebruik in die konstruksie van die geboue. Geen verkoop- of aankoop transaksies het gedurende die huidige finansiële jaar plaasgevind nie. Die volgende direkte kostes toeskryfbaar aan geboue is na geboue gedebiteer:

Arbeid	R 554 000
Materiaal.....	R 1 100 000

7.2 Geboue word afgeskryf oor 'n tydperk van 25 jaar ingevolge die reguitlyn metode. Die konstruksie van die geboue was voltooi gedurende die jaar en was op 1 April 2010 in gebruik geneem.

7.3 Op 31 Maart 2010 is meubels en toerusting met 'n kosprys van R80 000 en opgelope waardevermindering van R35 000 tot en met die begin van die finansiële jaar, ingeruil teen 'n verlies van R4 500, as gedeeltelike betaling vir nuwe toerusting wat R75 000 gekos het. Meubels en toerusting word afgeskryf teen 10% per jaar volgens die reguitlyn metode.

Waardevermindering word bereken tot die naaste Rand.

8. **Beleggings** bestaan uit die volgende:

8.1 10 000 Gewone aandele in Armani Beperk aangekoop teen 'n kosprys van R42 000. Die totale uitgereikte aandeelkapitaal van Armani Beperk bestaan uit 70 000 gewone aandele. Armani Beperk se aandele het op die Johannesburgse Sekuriteite Beurs verhandel teen 'n prys van R5,50 elk op 30 Junie 2010. Hierdie aandele vorm deel van Polo Bpk se aandele handelings portefeulje.

8.2 80 000 Gewone aandele in Guess Beperk aangekoop teen R2 elk. Die totale uitgereikte aandeelkapitaal van Guess Beperk bestaan uit 750 000 gewone aandele. Guess Beperk se aandele het op die Johannesburgse Sekuriteite Beurs verhandel teen R2,70 elk op 30 Junie 2010. Hierdie belegging was aangewys as nie-gehou-vir-verhandeling.

8.3 Geen inskrywing is nog gemaak ten opsigte van die herwaardasie van bogenoemde beleggings nie.

9. Die 15% langtermynlening was gemaak aan Prada Bpk op 1 September 2009. Geen kapitaal is terugbetaal op jaareinde nie. Polo Bpk besit 5 000 van die totale uitgereikte aandeelkapitaal van 7 000 van Prada Bpk.

GEVRA:

Berei die Staat van Omvattende Inkomste **en** die wins voor belasting nota van Polo Beperk voor vir die jaar geëindig 30 Junie 2010 in ooreenstemming met die vereistes van die Maatskappywet en Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk.

Ignoreer vergelykende syfers en die rekeningkundige beleid nota . Toon alle berekeninge.

VRAAG 4 (30 punte) (36 minute)

Die volgende inligting was verkry uit die boeke van Malemone Beperk op 31 Maart 2012:

	R
Aandelekapitaal – Gewone aandele	1 200 000
– 10% Kumulatiewe voorkeuraandele.....	850 000
Behoue verdienste – 1 April 2011	351 000
Kantoorgeboue teen kosprys 31 Maart 2012.....	350 000
Opgelope waardevermindering – kantoorgeboue 31 Maart 2012.....	70 000
Belegging in Maraisane Beperk.....	300 000
Merk-tot-Mark reserwe.....	100 000
Kapitaalaflossingsreserwefonds	450 000

Addisionele inligting:

1. Malemone Beperk was geïnkorporeer op 1 April 2009 met 'n gemagtigde aandelekapitaal van:
 - 500 000 Gewone sonder pari waarde aandele
 - 300 000 10% Kumulatiewe sonder pari waarde voorkeuraandele.

2. 300 000 Gewone aandele was uitgereik teen R4 elk met inkorporasie. Op 1 Julie 2009 is 100 000 kumulatiewe voorkeuraandele uitgereik teen R7,48 elk.

Op 1 Augustus 2011 het Malemone Beperk 12 000 10% kumulatiewe voorkeuraandele uitgereik teen R8,50 per aandeel.

3. Die volgende transaksies wat verband hou met die ekwiteit van die maatskappy moet nog teboekgestel word in die huidige finansiële jaar:

- 3.1 100 000 Gewone aandele was uitgereik op 5 April 2011 teen R5 elk. Aandeleuitreikingskoste het R1 000 beloop. Aandeleuitreikingskoste moet afgeskryf word teen behoue verdienste.

- 3.2 Op 1 Mei 2011 is 'n kapitalisasie uitgif gemaak van een (1) nuwe gewone aandeel vir elke vyf (5) gewone aandele gehou teen R7,50 elk. Dit is gedoen met die minimum effek op verdeelbare reserwes.

- 3.3 Totale omvattende inkomste vir die jaar, nadat waardevermindering korrek bereken en teboekgestel is, maar voor herwaardasie van kantoorgeboue, was R536 700.

4. n Kantoorgebou was aangekoop op 1 April 2009 vir R350 000. Dit was gedepresieër teen 10% per jaar op 'n regitlyn metode.

Die maatskappy het besluit om die kantoorgebou aan die begin van die jaar teen bruto vervangings basis te herwaardeer. Die koste van 'n nuwe soortgelyke gebou op 2 April 2011 was R375 000. Hierdie herwaardasie is nog nie teboekgestel nie.

5. Op 1 Oktober 2010 het Malemone Beperk 50 000 gewone aandele, wat as 'n finansiële bate nie-gehou-vir-verhandeling geklasifiseer is, van Maraisane Beperk aangekoop teen 'n koste van R4 per aandeel. Maraisane Beperk het 'n uitgereikte aandelekapitaal van 500 000 gewone aandele.

Die markwaarde van die gewone aandele in Maraisane Beperk op die Johannesburgse Sekuriteite Beurs was onderskeidelik soos volg:

31 Maart 2011	R6 per aandeel
31 Maart 2012	R7 per aandeel

Huidige jaar se herwaardasie van die belegging is nog nie teboekgestel nie.

6. Op 20 Maart 2012 is 'n finale dividend van 12c per aandeel op gewone aandele verklaar.

Geen dividend was verklaar en betaal gedurende die vorige finansiële jaar nie weens die feit dat daar geen wins gemaak is nie.

GEVRA:

Berei die Staat van Veranderinge in Ekwiteit van Malemone Beperk voor vir die jaar geëindig 31 Maart 2012 in ooreenstemming met die vereistes van die Maatskappywet en Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk.

Ignoreer vergelykende syfers. Toon alle berekeninge.

MEMORANDUM

FAC2601

MAY 2012

OPLOSSING 1

Egalisasie van bedryfshuur betalings:

$$(3\,000 \times 12) + [(3\,000 \times 115\%) \times 12] + (1\,200 \times 12) / 36$$

$$36\,000 + 41\,400 + 14\,400 / 36$$

$$= R2\,550 \text{ per maand}$$

Jaarlikse vooruitbetaling 1 Maart 2009 tot 28 Februarie 2010:

	R
Vir 12 maande (2 550 x 12)	30 600
Werklik betaal (3 000 x 12)	36 000
Vooruitbetaling per jaar	<u>5 400</u>

Jaarlikse vooruitbetaling 1 Maart 2010 tot 28 Februarie 2011:

	R
Vir 12 maande (2 550 x 12)	30 600
Werklik betaal (3 450 x 12)	41 400
	<u>10 800</u>

Tekort 1 Maart 2011 tot 28 Februarie 2012:

	R
Vir 12 maande (2 550 x 12)	30 600
Werklik betaal (1 200 x 12)	14 400
	<u>16 200</u>

Joernaal inskrywings

	Dt R	Kt R
Jaar geeindig 28 Februarie 2010		
Bedryfshuur uitgawe (SvOI)	30 600	
Vooruitbetaalde uitgawe (SFP)	5 400	
Bank		36 000
Jaar geeindig 28 Februarie 2011		
Bedryfshuur uitgawe (SvOI)	30 600	
Vooruitbetaalde uitgawe (SFP)	10 800	
Bank		41 400
Jaar geeindig 28 Februarie 2012		
Bedryfshuur uitgawe (SvOI)	30 600	
Bank		14 400
Vooruitbetaalde uitgawe (SFP)		16 200

OPLOSSING 2

JAMESON (EDMS) BPK

STAAT VAN FINANSIELE POSISIE OP 28 FEBRUARIE 2010

	Notas	R
BATES		
Nie-bedrysbates		2 557 000
Eiendom, aanleg en toerusting		2 539 000
Ander finansiële bates		18 000
Bedryfsbates		665 500
Voorraad		144 000
Handels- en ander debiteure		521 500
Totale bates		3 222 500
EKWITEIT EN LASTE		
Totale ekwiteit		2 868 009
Aandele kapitaal		200 000
Behoue verdienste		2 533 009
Ander komponente van ekwiteit (130 000 + 5 000)		135 000
Nie-bedryfslaste		
Bruikhuurverpligting		39 149
Bedryfslaste		315 342
Bank oortrekking		270 000
Opgelope gedeelte van bruikhuur verpligting		9 600
Korttermyn geddelte van langtermyn lening		34 842
Dividende betaalbaar		900
Totale ekwiteit en laste		3 222 500

JAMESON (EDMS) BPK
NOTAS OP 28 FEBRUARIE 2010

1. EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

	Meubels en toebehore	Toerusting	Fabrieks geboue	Grond	Totaal
Drabedrag 01/03/2009	300 000	0	1400 000	800 000	2 500 000
Kosprys	400 000	0	1500 000	800 000	2 700 000
Opgelope waardevermindering	(100 000)	0	(100 000)	0	(200 000)
Bewegings					
Toevoegings	0	105 000	0	0	105 000
Waardevermindering	(75 000)	(21 000)	(100 000)	0	(196 000)
Herwaardasie	0	0	130 000	0	130 000
Drabedrag 28/02/2010	225 000	84 000	1430 000	800 000	2 539 000
Kosprys/Waardasie	400 000	105 000	1430 000	800 000	2 735 000
Opgelope waardevermindering	(175 000)	(21 000)	0	0	(196 000)

Fabrieks geboue is gelee op erf 235, Midrand. Die fabrieks gebou was geherwaardeer deur 'n geswore waardeerder, Mnr J Wrong, op 28 Februarie 2010 volgens die netto vervangingswaarde.

2. Bruikhuurverpligting – langtermyn lening

	R
Totale las onder bruikhuur	73 991
Min : Huidige gedeelte betaalbaar binne 1 jaar [16 914 + 17 928]	(34 842)
Langtermyn gedeelte van bruikhuur las	39 149

Die begenoemde las is verseker deur bruikhuur ooreenkoms ten opsigte van Masjinerie. Die effektiewe rentekoers is 12% per jaar. Die volle lening is terugbetaalbaar in 6 twee-jaarlikse paalemente van R 21 353 elk.

**Rekonsiliasie tussen totale minimum huur betalings en hul huidige waarde:
Op 28 Februarie 2010**

Toekomstige minumim huur betalings	
- Nie later as 1 jaar nie	42 706
- Later as 1 jaar, maar nie later as 5 jaar nie	42 706
Min : Finansieringskoste(4 439 + 3 425 + 2 349 + 1 209)	(11 422)
Huidige waarde	73 990
- Nie later as 1 jaar nie (16 914 + 17 928)	34 842
- Later as 1 jaar maar nie later as 5 jaar (19 004 + 20 144)	39 148

Berekeninge:

1. Bedryfshuur – kantoor geboue

Betalings jaar 1 - 2:	
11 500 x 24 [12 x 2] =	276 000
Betalings jaar 3 – 6:	
12 700 x 48 [12 x 4] =	609 600
	<u>885 600</u>
Egaliseer betalings : 885 600 / 6 =	147 600
Betalings gemaak : 11 500 x 12 =	138 000
=	147 600
Opgelope huur =	9 600

2. Fabrieks gebou:

Waardevermindering vir die jaar:	
1500 000/15 =	100 000
Kosprys	1500 000
Opgelope waardevermindering	(200 000)
Drabedrag op jaar einde	<u>1 300 000</u>
Bruto vervangingswaarde op jaar einde	1 430 000
Herwaardasie : 1 430 000 – 1 300 000 =	130 000

3. Meubels en toebehore:

Drabedrag op jaar einde:		225 000
Drabedrag aan begin van die jaar : $225\,000 \times 100 / 75$	=	300 000
Waardevermindering vir die jaar : $300\,000 - 225\,000$	=	75 000
Kosprys: $300\,000 \times 100 / 75$	=	400 000

4. Voorraad

Bereken NRV op jaar eind:	
Rou materiaal @ kosprys	100 000
NRV: $100\,000 \times 95\%$	95 000
Voltooide goedere@kosprys	20 000
NRV: $20\,000 \times 95\%$	19 000

Voorraad op jaareinde:

Rou materiaal	95 000
Werk in proses	30 000
Voltooide goedere	19 000
Totaal	144 000

5. Handels- en ander debiteure:

Drabedrag op jaar einde :	557 000
Min voorsiening vir krediet verliese:	(35 500)
=	521 500

6. Dividende verklaar:

$$18\,000 \text{ aandele} \times 0.05 = 900$$

7. Beleggings:

Koste :	12 000
Transaksie koste :	1 000
Kosprys :	13 000
Billike waarde aanpassing :	5 000
Billike waarde op jaar einde :	
$13\,000 + 5\,000$	= 18 000

8. Waardevermindering op Masjinerie

105 000 / 5 = 21 000

9. Behoue verdienste

Openings saldo	500 000
Wins vir die jaar	2 033 909
Dividende verklaar	(900)
Sluitings saldo	2 533 009

OPLOSSING 3:a) **POLO BEPERK****STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR GEEINDIG 30 JUNIE 2010****Notas**

	R
Inkomste ($3\,306\,000 \times 100/114$)	2 900 000
Koste van verkope ($65\% \times 2\,900\,000$)	(1 885 000)
Bruto wins ($35\% \times 2\,900\,000$)	1 015 000
Ander inkomste ($41\,575 + 13\,000$)	54 575
Ander uitgawes R($68\,700 - 4\,200 - 10\,725 + 132\,500 + 41\,875 + 20\,515 + 4500$)	(253 165)
Administratiewe uitgawes	(772 600)
Finansieringskoste R($4\,950 + 5\,775 + 4200$)	(14 925)
Wins voor belasting	28 885
Inkomstebelasting uitgawe	(4 800)
Wins vir die jaar	24 085
Ander omvattende inkomste	56 000
Wins op nie-gehou-vir-verhandeling beleggings	56 000
Totale omvattende inkomste	68 685

POLO BEPERK
NOTAS VIR DIE JAAR GEEINDIG 30 JUNIE 2010

1.Wins voor belasting

Wins voor belasting is bereken nadat die volgende items in berekening geneem is:

	R
Inkomste:	
Voortgesette bedrywighede - omset	2 900 000
Inkomste van filiaal (Prada Edms)	
- Rente ontvang R (165 000 x 10/12 x 15%)	20 625
 Inkomste van ander finansiele bates:	
- Genoteerde beleggings – dividende ontvang (80 000 x 0.1) + (4 700)	12 700
 Billike waarde aanpassing op beleggings deur wins of verlies	13 000
 Uitgawes:	
Verlies op die verkoop van nie-bedryfsbates	4500
Direkteurs vergoeding:	
<i>Nie-uitvoerende direkteure:</i>	
- Vergoeding R(203 200 + 180 000)	383 200
<i>Uitvoerende direkteure:</i>	
- Vergoeding R(303 200 + 230 000)	533 200
- Pensioen	75 000
Min betaal deur filiaal R(230 000 + 180 000)	(410 000)
 Totaal betaal deur maatskappy	581 400
 Ouditeurs vergoeding	14 600
- Oudit fooi	11 500
- Uitgawes	3 100
Waardevermindering R(132 500 + 20 515 + 41 875)	194 890

OPLOSSING 3 (vervolg)**Berekeninge:****1. Geboue****1.1 Toevoegings**

Direkte koste - gegee	(554 000 + 1 100 000)		1 654 000
Waardevermindering gekapitaliseer			397 500

$$1.2 \text{ Waardevermindering – huidige jaar (R 2 051 500 / 25 x 3/12)} = 20\,515$$

2. Aanleg en masjinerie

$$2.1 \text{ Koste – openings saldo (R 1 457 500 + 1 192 500)} = 2\,650\,000$$

OR

$$(R\,2\,500\,000 + 150\,000)$$

$$2.2 \text{ Waardevermindering – huidige jaar (R2 650 000 x 20\%)} = 530\,000$$

$$2.3 \text{ Waardevermindering gekapitaliseer (R530 000 x 9 / 12)} = 397\,500$$

$$2.4 \text{ Opgelope waardevermindering – sluitings saldo} = 1\,722\,500$$

$$(1\,192\,500 + 530\,000)$$

$$2.5 \text{ Waardevermindering vir die jaar (uitgawe): } 530\,000 - 397\,500 = 132\,500$$

3. Meubels en toerusting

$$3.1 \text{ Waardevermindering op meubels en toerusting ingeruil – huidige jaar} \\ (R80\,000 \times 10\% \times 9 / 12) = 6\,000$$

$$3.2 \text{ Opgelope waardevermindering op meubels en toerusting ingeruil} \\ (R35\,000 + 6\,000) = 41\,000$$

$$3.3 \text{ Drabedrag op meubels en toerusting ingeruil (R80 000 – 41 000)} = 39\,000$$

$$3.4 \text{ Waardevermindering op Meubels en toerusting op hande – huidige jaar} \\ = 35\,875 \\ (([310\,000 + 110\,000] - 80\,000) \times 10\%) + (75\,000 \times 10\% \times 3 / 12)$$

$$3.5 \text{ Totale waardevermindering – huidige jaar (R6 000 + 35 875)} = 41\,875$$

$$3.6 \text{ Kosprys – sluitings saldo (R420 000 – 80 000 + 75 000)} = 415\,000$$

3.7 Opgelope waardevermindering – sluitings saldo
 (R110 000 – 41 000 + 41 875) =

110 875

4. Rente op langtermyn lening (Levi Edms):

Lening op jaar einde	R 90 000
	Number
Totale betalings betaalbaar	8
Betalings reeds gemaak:	
30/11/2007	1
30/11/2008	1
30/11/2009	1
Betalings oor op 30/06/2010	5
Uitstaande saldo op 30/06/2010	R 90 000
90 000/5 = R18 000 per betaling	
Lening – einde van die jaar	R 90 000
Plus 1 betalings gedurende die jaar gemaak	R 18 000
Lening – begin van die jaar	R 108 000
Uitstaande saldo:	
01/07/2009 – 30/11/2009	R108 000
01/12/2009 – 30/06/2010	R 90 000
Finansierings koste:	
R108 000 x 5/12 x 11%	= R 4 950
R 90 000 x 7/12 x 11%	= R 5 775
Totaal	= R 10 725

5. Rente ontvang van Prada (Edms) op lening

Periode: 01/09/2009 – 30/07/2010

$$165\,000 \times 15\% \times 10 / 12 = 20\,625$$

6. Wins op nie-gehou-vir-verhandeling finansiele bates:

Begin van die jaar: 80 000 aandele @ R 2,00	= R160 000
Einde van die jaar: 80 000 aandele @ R2,70	= R216 000
Wins in ander omvattende inkomste	= R 56 000

7. Billike waarde aanpassing op beleggings deur wins en verlies

Koste begin van die jaar	: 42 000
Billike waarde op jaareinde	: 55 000 (10 000 aandele x R5.50)
Billike waarde aanpassing	: 13 000

8. Direktors vergoeding:

	Uitvoerend		Nie-uitvoerend	
	Polo (Houer)	Prada (Filiaal)	Polo (Houer)	Prada (Filiaal)
Vergoeding:				
Mnr A:				
- Vergoeding	300 000	230 000		
- Vergaderings	3 200			
Mnr C :				
- Vergoeding			200 000	180 000
- Vergaderings			3 200	
	303 200	230 000	203 200	180 000
Pensioen:				
Mev H :	75 000			
	75 000			

OPLOSSING 4

MALEMONE BEPERK

STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT VIR DIE JAAR GEEINDIG 31 MAART 2012

	Aandele kapitaal – gewone aandele R	Aandele kapitaal – Kumulatiewe voorkeur aandele R	Behoue verdienste R	Kapitaal aflossings rewerwe fonds R	Herwaardasie reserwe – Eiendom, aanleg en toerusting R	Merk to mark reserwe R	Totaal R
Saldo op 1 April 2011	1 200 000	748 000	351 000	450 000	-	100 000	2 849 000
Totale omvattende inkomste vir die jaar:							
Wins vir die jaar			536 700				536 700
Ander omvattende inkomste					20 000	50 000	70 000
Aandele uitgereik							
- Gewone aandele	500 000						500 000
- Voorkeur aandele		102 000					102 000
- Kapitalisasie aandele	600 000		(150 000)	(450 000)			-
Dividende							
- Voorkeur aandele			(156 400)				(156 400)
- Gewone aandele			(57 000)				(57 000)
Aandeel uitreikingskoste			(1 000)				(1 000)
	2 300 000	850 000	523 300	-	20 000	150 000	3 843 300

BEREKENINGE

1. Uitgereikte aandele

Gewone aandele uitgereik $(100\,000 \text{ aandele} \times 5c)$ 500 000

2. Kapitalisasie van aandele

Gewone aandele gekapitaliseer $[(100\,000 + 300\,000) \text{ aandele} / 5 \times 7.5c]$ 600 000

3. Herwaardasie van kantoor geboue

Herwaardasie surplus $[(375\,000 \times 0.8) - (350\,000 \times 0.8)]$ 20 000
OF
 $[375\,000 - (375\,000 \times 10\% \times 2)] -$
 $[350\,000 - (350\,000 \times 10\% \times 2)]$

4. Billike waarde aanpassing

Billike waarde aanpassing op belegging $(50\,000 \times (7 - 6))$ 50 000

5. Dividende

Voorkeur dividende	Vorige jaar: $(748\,000 \times 10\%)$	<u>74 800</u>
	Huidige jaar: $(748\,000 \times 10\%)$	<u>74 800</u>
	$(102\,000 \times 10\% \times 8/12)$	6 800
Gewone dividende	$[(80\,000 + 400\,000) \times 12\%$	<u>57 600</u>

6. Kumulatiwe voorkeur aandele uitgereik:

$$12\,000 \times 8.5 = 102\,000$$